

Goeie Vrydag 2020

Votum

Seën

Lofprysing: Psalm 147:1 (1936)
Psalm 147:1 (2001)

Gebed

Oordink: SB 5-3:2,4,5

Skriflesing & prediking

Teks: Matteus 26:47-56

Gebed

Oordink: Lied 393:1-4

Wegsturseën

WOENSDAG, 8 APRIL OORDENKING

Ons Woensdagaandoordenking kom uit Hebreërs 10:19-24,
en ons tema is: Parrhesia!

PREEKSKETS

Paasvrydag

Teks: Matteus 26:47-56

Dis Paasvrydag. Ons praat van Paasfees. Waar is die fees van Paasfees? Ek bedoel Jesus is gekruisig, Hy gaan dood, Hy word gespot, verwerp, noem maar op...waar is die fees?

As mens hierdie Paasfees-gebeure in Matteus lees, dan gebruik Matteus 'n baie interessante manier om dit te vertel. Matteus vertel vir ons die gebeure, die lyding van ons Here, maar hy doen meer as dit. Matteus is nie net 'n verslaggewer nie, nee, hy is ook 'n onderwyser. In elke vertelling wat Matteus gee oor Jesus se lyding, gee hy ook vir ons die woorde van Jesus wat die lyding verduidelik.

Lees ons die Bybel oor Jesus se lyding, dan is dit interessant om te sien dat daar nie juis allerhande fyn en bloedige beskrywings is nie. Ons lees in Matteus, Markus en Johannes dat daar 'n doringkroon op sy kop gesit is, maar niemand skryf: "*...en die bloed het by sy gesig afgedrup*" nie. Die kruisiging van Jesus word nie so beskryf nie.

Dis asof die feite van Jesus se kruisiging vir hulle minder belangrik is as die betekenis daarvan. Uiteraard is die feit van Jesus se kruisiging belangrik, maar as die betekenis daarvan vir jou verlore gaan, dan help die feite niks. Ons moet veral die *teologie* van die kruis verstaan: wat deur die kruis bereik is; hoekom dit gebeur het. Daar is 'n verskil daarin om dit te verstaan, dit jou eie te maak, en bloot emosioneel aangeraak te word deur die wreedheid daarvan. Verstaan mooi wat ons vir mekaar sê – ons word emosioneel aangeraak deur die kruis, dit is erg wat met Jesus gebeur het, maar as dit daarby stilstaan, dan gaan dit nie jou regtig verander nie. Wanneer ons die kruis verstaan, dan sal ons harte verander...en dan sal ons die fees van Paasfees verstaan!